# Hinterlander

MEI ▪ JUNIE 2018 KWARTAALNUUS ▪ UITGAWE 5



INSIDE: 3 Retail tales 4 Etiese notas 5 Nuus van ons takke


## Happy 5th birthday Hinterland – and so say all of us!

On **Friday, 1 June**, Hinterland celebrated its fifth birthday after the new brand was created in 2013. To share this milestone, the branches chose a carnival theme to share the birthday "*gees*" with colleagues and customers. Enjoy the photos.



Belfast



Viljoenskroon



Bloemfontein



Bothaville



Harrismith



Lydenburg



Ogies



Klerksdorp

# Boodskap van die BD



*Mede-Hinterlander,*

*Geluk! Hinterland is vyf jaar jonk!*

Soos u almal bewus is het Hinterland op **1 Junie** sy vyfde verjaardag gevier. Ons is dankbaar dat ons kan terugkyk na die afgelope vyf jaar en sekere hoogtepunte en mylpale kan uitlig. Ek moet daarom dankie sê vir u, ons personeel se toewyding en bydrae tot die suksesse behaal. Sommige van ons takke en hul personeel het die verjaarsdag met oorgawe en trots gevier - dankie aan elkeen wat dit spesiaal gemaak het vir ons klante en personeel.

Dit is egter ook die ideale tyd om ons besigheid opnuut onder 'n vergrootglas te plaas, deur die vorige jare deeglik te analiseer en te evalueer ten einde ons besigheid te herposisioneer vir volhoubare groei en toenemende waardetoevoeging tot ons klante, aandeelhouers en personeel.

Ek is seker dat u, soos ek, ook al een of ander fliek meer as een keer gekyk en ook gesien het dat die einde elke keer dieselfde is as die vorige keer. Wat wil ek hiermee sê? Dit het geen waarde om dieselfde beplanning, aksies en fokus op ons besigheid te plaas en dan te verwag dat die uitkoms gaan verander of verbeter nie. Wat nodig is, is dat ons moet terugkyk om vas te stel wat in die vyf jaar gewerk het en wat nie, asook wat gebeur en wat nie moes gebeur het nie.

Juis om dié rede het ons, soos u bewus is, aan die begin van die jaar ons besigheid tot stilstand gebring en nuwe strukture in plek gestel met hernude fokus daarop om ons besigheid op koers te kry. Besluite is in belang van ons besigheid geneem en sal steeds geneem word om ons volhoubaarheid as 'n besigheid te verseker.

Ek besef dat die veranderinge ongemak en onsekerheid veroorsaak het en dit is verstaanbaar, maar ek versoek weereens dat die veranderinge deur u elkeen ondersteun word en dat u die veranderinge met 'n positiewe gesindheid sal benader sodat u ook deel kan wees van Hinterland se uiteindelike suksesstorie.


Ek wil afsluit deur u aan te moedig om deurlopend gefokus te bly op dit wat werklik saak maak, om elke situasie deeglik te ondersoek en dan te benader met 'n oplossing in gedagte en dat u nie die uitdagings groter sal maak as wat dit werklik is nie.

Sterkte en voorspoed met u taak en die nuwe uitdagings.

*Hinterland groete,*

*Daan*






## *Vat jou uitdagings vas!!*

Uitdagings is deel van die lewe en hoe ons daaroor dink, bepaal hoe ons daarop gaan reageer. Ons kan uitstyg bo die uitdagings wat ons beleef. Dis juis in die "challenging" situasies waar dit voel of jy 'n doodloopstraat bereik het, dat jy moet kies om bo jou omstandighede uit te styg! As jy 'n punt bereik waar jy nie jou omstandighede kan verander nie, is die uitdaging om jouself te verander! Soms moet ons eers op die punt kom waar dit voel asof alles om ons in duie stort, voordat ons besef die oplossing lê eintlik in myself! Dis ek wat moet verander!

Alles begin by jou ingesteldheid. Jy moet jouself inoefen om in alle omstandighede positief te bly! As jy met 'n positiewe ingesteldheid leef, beteken dit nie jy is blind vir die lewe se uitdagings of dat jy moet maak of jy dit nie raaksien en ignoreer nie. Néé, jy leer jouself om juis in die lewenstorms, as jy nie weet waarnatoe nou nie, jouself met die vraag te konfronteer: **Moet ek nie dalk verander, sodat my omstandighede kan verander nie?**

**Maar hoe leef jy met 'n positiewe ingesteldheid?** Dink mooi, op dié oomblik is jy nie eers daarvan bewus dat jou hart elke sekonde klop om sy werk te doen nie. Maar as jy 'n hartkwaal gehad het en jou hart moes sukkel om sy werk met reëlmaat te doen, sou jy elke oomblik van jou hart bewus gewees het en besef het hoe nodig jy 'n gesonde hart het om effektief te kan funksioneer. Net so moet jy deurlopend bewus wees van hoe nodig jy 'n positiewe ingesteldheid het om al die negatiewe aanslae wat die lewe en ander rolspelers op jou lewenspad plaas, te hanteer en om dit sinvol te verwerk! Ons as gelowiges het 'n vaste Anker,'n Hoop waaraan ons kan vashou, **Jesus**! Daar is ook baie beloftes in die Bybel waarop ons kan staan wat ons gemoedsrus gee en dit is goed, maar dit maak ons soms blind vir die feit dat die oplossing vir 'n probleem dalk by myself moet begin. Dit vra dalk net 'n verandering in my eie gedrag, in my manier van dink en hoe ek uiteindelik daarop gaan reageer. Kom ons volg die Spreuke skrywer se raad in **Spreuke 4:23 - "Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe."**

REDAKSIE: REDAKTEUR: Marlon Abrahams Tel: 018 464 7349 | marlon.abrahams@senwes.co.za ONTWERP EN UITLEG: Pieter Swanepoel | pieter.swanepoel@senwes.co.za




Retail *tales*

# 4 Reasons Why the Customer Is Always Right

WE'VE ALL HEARD THE OLD SAYING THAT "THE CUSTOMER IS ALWAYS RIGHT". BUT IS THE CUSTOMER REALLY ALWAYS RIGHT? OF COURSE! HERE ARE FOUR REASONS WHY:

**The Customers Make the Business**

One reason that many businesses still go by the "customer is always right" - standard is that they know how important their customers are. A business without customers is just a group of people pitching a product to deaf ears. The customer is always right because, as a business, you want your customers to return as well as feel welcome and appreciated. Many businesses lose sight of this fact when they become wealthy, not realising that they can still lose everything without the love and loyalty of their customers.

**The Backlash Could Be Devastating**

The backlash from displeasing just one customer can be devastating to a business model. Just one disgruntled complaint can leave a business with a poor reputation on social media. An established business may also lose a lot of profits behind the ordeal. When it comes to new business, they may not be able to recover from damage like this because of how new it is. Things like this can really sink your business, even with the help of a reputation management company.

**It's Good Business Ethics**


Making the customer right at all times is a positive business ethic. Any business owner who has studied business administration knows that because of the assortment of courses they have to take that cover that very topic. In programmes like this, students learn the essentials of a variety of subjects such as financial management, marketing management and business ethics. Business ethics is a group of morally correct actions that further the reputation of the business by treating customers and associates as human beings. Business ethics classes also teach that all departments within a business establishment should have a uniform code of conduct. This code of conduct should display the heart of the business, which should include love and loyalty to their customers.

**It Sets a Standard of Customer Service Excellence**

"The customer is always right" also sets a standard for the customer service department that strives for excellence. Customer service experiences are one of the leading causes of customer loyalty and customer loss. Every customer matters. Therefore, businesses should strive to create an environment of consistent extra-mile type service. It is essential for you to communicate effectively so that you and your customers can find the best possible solution for any issue.

Allowing the customer to be right in the midst of disputes is the smart way to handle business relations. It is not worth risking destruction by insisting on being right. Sometimes it is best to just stay focused on the bigger picture and let things go. It is also essential that you don't forget the customers that helped make your business what it is today.

***Source: From winthecustomer.com***



# VERHEF JOU STEM
teen onetiese gedrag

**etiese notas**

## MISDAADTENDENSE EN RAPPORTERINGSKANALE

### Misdaadtendense

Ekonomiese misdade soos bedrog en korrupsie in besighede neem jaarliks toe. Uit 'n opname wat onlangs gedoen is deur 'n bekende ouditeursfirma onder Suid-Afrikaanse maatskappye, is bevind dat Suid-Afrika van die hoogste ekonomiese misdaadsyfers in die wêreld het. Daar is ook 'n skerp toename ondervind in die rapportering van ekonomiese misdaadinsidente.

Hinterland is ongelukkig nie gevrywaar hiervan nie en misdaadinsidente waar misdaad vermoed en gerapporteer is, het in die afgelope finansiële jaar met 44% gestyg teenoor die vorige finansiële jaar. Die aantal personeel wat betrokke was by misdade en ontslaan is in die afgelope finansiële jaar het ook gestyg van 17 na 39 in vergelyking met die vorige finansiële jaar.

'n Tipe ekonomiese misdaad wat toegeneem het en waarvan personeel veral van moet kennis neem en bedag op moet wees is die sogenaamde "fraud scams" waar bedrieërs personeel kontak en dan voorgee dat hulle klante is.

Hulle sal dan byvoorbeeld beweer dat hulle 'n foutiewe inbetaling in 'n Hinterland bankrekening gemaak het en 'n vals bewys voorlê en 'n terugbetaling eis. In ander gevalle gee hulle voor dat hulle 'n sekere klant is met kredietfasiliteite en bestel dan goedere namens die klant. Wanneer die betaling egter by die klant versoek word, is die betrokke klant onbewus van die transaksie.

Personeel se bewusmaking en rapportering van ekonomiese misdaad is van kardinale belang om misdaad te voorkom en effektief te bestry. 'n Versoek word dus op alle personeel gedoen om bedag te wees en om enige potensiële misdaad dadelik te rapporteer.

### Misdaadrapporteringskanale

Om misdaadinsidente te rapporteer is nie net 'n Hinterland beleid nie maar ook 'n wetlike plig. Sou 'n personneellid bewus wees van 'n insident en dit nie rapporteer nie, kan so 'n persoon medepligtig gehou word vir die betrokke insident en self ook aangekla word vir die insident.

Dit is wel so dat personeel versigtig of bang mag wees om 'n misdaad te rapporteer uit die vrees vir viktimisering en intimidasie. Vir die rede is 'n misdaadhulplyn tot die beskikking van personeel gestel om nie net insidente aan 'n onafhanklike party te rapporteer, nie maar ook anoniem. Selfs indien 'n persoon bang is dat sy/haar stem herken mag word op die misdaadlyn is daar 'n alternatief naamlik dat 'n onbekende persoon namens 'n personeellid 'n saak kan aanmeld.

Personeel wat insidente op die misdaadhulplyn rapporteer word beskerm deur die sogenaamde fluitjieblaaswet,"Protected Disclosures Act, 26 of 2000".

Personeel word aangemoedig om alle onetiese gedrag en/of misdaad aan te meld en 'n verskil te maak. Sake kan aangemeld word deur die volgende misdaadhulplyn te skakel:

**MISDAADHULPLYN 080 464 7800**


# new RECRUITS




### Twenty-eight newbees


joined Hinterland in April and May in various positions across the branches nation-wide. The featured new recruits this month are: Jessie Rothman who started a learnership at the Potchefstroom branch; Anri Jacobsz who began her learnership at the Senekal branch and Samuel Mokoena who joined the Bethlehem branch as a general worker. Welcome to the family! All staff, new and old, are reminded to upload a recent photo of themselves on their profile on the company intranet. **Lekker werk julle!**


Jessie Rothman


Anri Jacobsz


Samuel Mokoena

# Well done Hinterland Graduates!



The Hinterland Academy had the honour of hosting its annual graduation ceremony on the **29th of May 2018** at The Barn at Head Office. The Academy provides learnerships and apprenticeships for employees who receive certificates upon completion of the programmes concerned. The training includes workplace ''on the job training", classroom training and assessments.

The Academy has been accredited by the **AGRISETA** for workplace learning leading to achievement of qualifications. The accreditation, granted in 2007, allows the Academy to award learners with a national certificate in the following categories: Grain Milling, Agri-Trade Processes and Agri-Sales and Services.

Employees who were nominated by their managers to complete management and leadership development programmes at various institutions, were recognised and congratulated at the awards ceremony. Hinterland commends its staff for this prestigious achievement!

**COMPARISON OF CASES REPORTED, DISMISSALS AND LOSSES**

March, April and May 2018

| Department | Cases reported | Dismissals | Loss |
|---|---|---|---|
| Shop | 3 | 1 | 1 151 |
| Fuel | 1 | 1 | 1 758 |
| Warehouse | 6 | 20 | 183 082 |
| Head Office | 2 | 0 | |
| Total: | 12 | 22 | 185 991 |

March, April and May 2017

| Department | Cases reported | Dismissals | Loss |
|---|---|---|---|
| Shop | 3 | 1 | 184 556 |
| Fuel | 1 | 1 | 5 203 |
| Warehouse | | 1 | 693 246 |
| Head Office | 2 | | |
| Total: | 6 | 3 | 883 005 |

# Nuus VAN ONS TAKKE

## Abu Dhabi, here we come.



A big thank you to Hinterland staff who manned the stall at Nampo. The Hinterland Fuels stall in particular attracted a lot of attention with its state of the art F1 Simulator. The draw will be done in October and one lucky branch manager will be joining the customer winners for an all-expenses paid trip to the Abu Dhabi F1 Grand Prix.

## Bloemfontein Fuel Station Gets a Face Lift

**Please note** that the fuel station at the Hinterland Bloemfontein branch will temporarily be closed for fantastic new upgrades to the forecourt as well as the convenience store. The objective is to offer an improved service to our customers and to modernise equipment for your convenience.

**Closing date: Sunday, 3 June 2018**

**Reopening: Monday, 13 August 2018**

An overhead diesel tank will be put into operation for the interim, where 50PPM diesel only will be available for the upgrading period.

We apologise to staff and customers for any inconvenience during this period but, rest assured, the new facilities to be offered from Monday, 13 August 2018, will more than make up for the inconvenience suffered.

Please contact your local branch manager for any enquiries.

## Leer ken jou kollegas – Babsie Carraro, Vulstasiebestuurder Potch - stel 'n voorbeeld

"Ek werk al twee jaar in die posisie van vulstasiebestuurder. My doel is om die standpunt van bevoegdheid binne ons werksomgewing te bemagtig, om die werksmag waardigheid te gee en respek vir mede-werknemers volgens karakter 'n lewenstyl te gee. Ons is almal bewus van die stelling "die klant is altyd reg" en ons leef dit uit. As 'n persoon wat baie goed met mense is, streef ek na die aanbieding en dringendheid van diens aan die klante en kollegas, deur duidelike en skoon taalgebruik, netheid en passie om te werk)."

My doelwitte is om 'n volledige en hardwerkende span te hê (span wat die stelsels verstaan en klante respekteer). Dit is altyd my strewe om, waanneer jy met mense werk, hulle belangrik te laat voel. My plan en strategie is baie maklik verstaanbaar. Ons poog ook om te alle tye goeie en regte besluit te neem.

"Ek sê altyd as daar iets gebeur, bly kalm - daar is vir alles 'n oplossing, al neem dit tyd, ons sal dit oplos". *Selfs wanneer jy met moeilike klante werk, moet jy onthou dat jy daar is om ook vir hulle 'n* ***diens te lewer, met 'n "smile".***



Babsie en haar span

## Hinterland Express Now Open in Wesselsbron

After months of planning and a five week construction period, the big day finally arrived on **Friday, 20 April**, when the brand new Hinterland Express Convenience Store opened its doors to the public in Wesselsbron.


From the outset the main goal and vision in opening this new venture for Hinterland Fuels were to expand our service to a convenience offering for customers and to further broaden our driveway offering for existing and new fuels customers.

The new Hinterland Express in Wesselsbron has all the major offerings that can be found in convenience stores, including fast food, a coffee bar and water bar facilities. In addition, the Hinterland Fuel driveway and bathroom facilities have also been upgraded to enhance our service.

Said Johnny Bezuidenhout, Branch Manager: *"This convenience store will definitely support the branch's business in a positive manner and will allow Wesselsbron residents to do convenience shopping after hours when all other facilities in the town are closed. I think this initiative goes a long way to show our loyal customers and Wesselsbron residents that we care for the community!"*

Hinterland Express Manager at Wesselsbron, Dries Wessels added: This (Express) will be my passion and I will ensure that our service excellence echoes that of the overall Hinterland Fuels vision to deliver a superior experience for our customers."

Hinterland Fuels is excited be looking forward to expanding the Express initiative to various branches soon … watch this space! *By Polla Westcott – Operations Manager: Fuels*



inside the Express store



# Nuus VAN ONS TAKKE



## Hinterland Newcastle

### New Look Open For Business

**On Friday, 20 April 2018** all roads led to Hinterland Newcastle when about 130 guests, made up of Hinterland customers, attended the opening of the newly revamped store. Members of the Newcastle Business Chamber were also in attendance which saw branch manager Heinrich von Wielligh do the ribbon cutting ceremony with sheep shears. The theme of the evening was cheese and wine and a bit of jazz music in the background. Heinrich took the opportunity to thank staff for their patience and hard work during the revamping process.



## 100 Parkruns for Kevin Smit!

Our manager input supply at Hinterland, Kevin Smit completed his 100th parkrun in style at Klerksdorp Parkrun on **19 May 2018**.
Yes, the big man can run, as was also evident on this particular day when he posted his second best time ever at Parkrun when he crossed the finish line in a time of 39:18.
This is even faster than the average time of a Parkrunner in South Africa at 40 minutes and 45 seconds. This is not only big news at Hinterland, but also in Klerksdorp as he became only the 37th Klerksdorp Parkrunner to amass 100 Parkruns since it was established here four years ago in 2014.
He came aptly dressed in black, the preferable dress code on your 100th Parkrun. But with an added message on it: "Never underestimate an old man who listens to Pink Floyd." Did we expect anything else?




## KOPPIESTAK sê dankie



**Na die baie goeie opkoms van 53 van ons boere by die Koppiestak, het die tak 'n heerlike biefstukbraai vir ons boere gehou om dankie te sê .**

**Phillip Lee, Hinterland Diereproduksie-oplossingsbestuurder en Telwiedre voere se Louis Kleynhans het as sprekers opgetree.**

## MSD Gee Wa Weg



Die bekende Dok Fafa Malan was byderhand om te help met die oorhandiging van die MSD Wa Weggee kompetisie by die Potch tak op **14 Mei 2018**. Die kompetisie het goeie aftrek onder ons klante gekry en Barend Venter was die gelukkige wenner.

**Van links na regs: Dok Fafa Malan (Bestuurder Ruvasa), Willem Kleyn (MSD Nationale sleutelrekeningbestuurder), Barend Naude (Wenner) Dirk Stear (MSD Verteenwoordiger), Ruan vd Merwe (Potchefstroom Takbestuurder Hinterland), Annelize Boonzaaier (Hoofaankoper Vee Medisyne Hinterland)**

## Hinterland is 'n trotse borg van die Noordwes RPO-Jaarkongres

**Op Donderdag, 31 Mei**, was The Barn konferensiefasiliteit by Hoofkantoor in Klerksdorp 'n miernes van bedrywighede waar die 2018 Jaarkongres van die Noordwes Rooivleisprodusente-Organisasie **(NWRPO)** plaasgevind het.

As trotse hoofborg van die geleentheid het Hinterland Besturende Direkteur, Daan Bronkhorst die kongresgangers daaraan herinner om te "Fokus op dit wat belangrik is in landbou. Om te bid en te bly glo." Daar was ook 'n groot applous nadat hy gesê het: "Landbou was die grootste bydraer tot die Nasionale BBP tydens die laaste kwartaal van 2017."



## Hinterland Aanlynwinkel

### Verbeter jou klantediens met die aanlynwinkel!


Die Hinteland aanlynwinkel het in Mei nuwe hoogtes bereik deur die meeste besoeke te kry in sy bestaan. Bestellings is elke maand besig om toe te neem en baie werk word gedoen om die winkel te ondersteun deur Facebook, Google Ads en e-pos bemarkingsveldtogte. Produkte kan deur enige iemand landwyd gekoop, word direk betaal word op die webwerf en dan afgelewer word by sy huis. Dit is die ideale platform om voorraad binne winkels aan te vul en klantediens te verbeter deur die platform te gebruik om klante te gee wat hulle benodig. Huidig is slegs prodist beskikbaar op die platform, maar ons is tans besig om daaraan te werk om ons hele reeks produkte op die platform beskikbaar te maak.




# Moet In Hinterland nie misloop nie

Hinterland se opwindende **26 episode** reeks, **In Hinterland**, word elke Donderdagoggend op KykNet se Groot Ontbyt uitgesaai. Volgens Rupert Jacobs, Hinterland se bestuurder van korporatiewe bemarking en kleinhandelontwikkeling is " die doel om blootstelling te kry by dorpenaars en stadsjapies en hulle te vertel wat hulle kan kry in Hinterland en dat enigiemand by ons kan koop. Terwyl die program 'n Hinterland program is, het ons verskaffers betrek wat self direk betrokke was met die opnames wat gedoen is deur GrootFM, by veral ons Delmas winkel.

Die produkte het die doel ondersteun om vir die publiek te vertel dat ons produkte het vir Jan alleman. Die programme is ook veeldoelig en is beskikbaar op Youtube of van ons Hinterland webwerf af en kan deur die takke gebruik word vir opleiding.




# Hinterland Wesselsbron

### se dankie sê funksie

Grapjas **Andries Vermeulen** het die vermaak verskaf by Hinterland Wesslesbron  se Dankie-sê funksie op **7 Junie 2018** by die Hoërskool Wesselsbron saal. Takbestuurder Johnny Bezuidehout het die funksie gehou om die tak se dank te betoon aan sy klante wat 'n noemenswaardige bydrae gemaak het tot die tak se finansiële prestasie.







## Landboubesigheidbestuurders en Assistente Koop Kaartjies na Sukses

Op 5 Junie 2018 het Hinterland se landbou besigheidbestuurder's en die debiteureklerke (nou bekend as landboubesigheidassistente bymekaar gekom vir 'n konferensie om hulle besigheidstrategie te verfyn. Die tema was "Het jy 'n kaartjie vir die Hinterland trein na sukses vir die 2018/2019 finansiële jaar". Sê Hinterland se operasionele bestuurder, Louis Lingenfelder; "Die fokus is "Voete op die Plaas"! Hinterland moet sy klante ken, hul behoefte ken en verstaan en die enigste manier is om die klant op sy plaas te besoek. Buiten die insette word daar 'n geweldige fokus geplaas op die bemarking van veevoere. Hinterland se bemarkingspan is gereed en tot die diens van die klant – die LBB's gaan Hinterland se leuse uitleef – "Herondek dit wat saak maak". Sterkte julle!



**Hinterland Potchefstroom petrol attendant, Albert Malangeni clocked a time of 8hrs and 33 min in this year's Comrades Marathon! He finished number 1860 and added a bronze medal to his collection Albert has completed 6 Comrades and 43 marathons. Well done Albert from all your colleagues at Hinterland!**

# 20 Questions with...

## Adriaan Swart

1. **How old are you and what do you do at Hinterland and how long have you being doing it?**
Ek is 27, en is sedert Oktober 2016 by Hinterland waar ek die wapenverkoopsklerk is by Hoopstad.

2. **What's the coolest thing about your job?**
Die coolste ding van my werk is dat daar altyd nuwe uitdagings is wat vuurwapens en hulle toebehore aanbetref.

3. **What's the suckiest thing about your job?**
Kry te min kans om buite in die natuur te wees.

4. **Besides you job, what other passions do you have?**
Jag en dan natuur- en landskapfotografie

5. **We understand you have a habit of catching crocodiles with your bare hands? How did this come about and how many have you caught?**
Na skool het ek Natuurbestuur gestudeer, waarna ek op verskeie wildsplase gewerk het, onder andere op 'n krokodil jag- en teelplaas. Ek het al te veel krokodille gevang om te kan sê hoeveel.

6. **Have you ever been bitten by a croc?**
Ja, en ek het die spreekwoordelike "death roll" ervaar

7. **Have you eaten crocodile? Does it really taste like chicken?**
Ja, ek het al krokodilwors en -steaks geëet. Dit proe meer soos vis as hoender.

8. **If you could be MD for a day, what new, cool thing would you introduce to the company??**
Om Vrydae halfdag te werk as dit jou af naweek is. 'n Binnenshuise skietbaan laat oprig vir elke wapentak.

9. **If animals could talk what do you think they would say to hunters?**
"Only take what you need!".

10. **What's your favourite food?**
Braaivleis saam met vriende.

11. **Wine, beer, brandy, scotch or other**
Brandewyn saam met Sprite – want ek het klaar geleer hoe om brandewyn te drink

12. **Boxers, briefs or commando?**
Boxers.

13. **Guns are cool because…**
You can never have too much ammo or too much practice.

14. **Favourite movie of all times?**
American Sniper.

15. **Who's your celebrity crush?**
Angelina Jolie.

16. **Your wife is better than her because… ?**
Sy lyk mooi in pienk maar is gevaarlik in camo

17. **Why do dogs howl at the moon?**
Want hulle verlang na iemand wat hulle nie ken nie.

18. **As a kid, what did you want to be when you grow up?**
'n Jagter.

19. **Have you travelled overseas? If not, where would you like to go and why??**
Nee, Ierland vir die mooi groen landskappe.

20. **Who's your favourite superhero and why?**
Beastboy, sy vermoë om in enige vorm van dier te verander.

